



THE
ANSWER
SERIES *Your Key to Exam Success*

3-in-1

Rekeningkunde


KLASTEKS & STUDIEGIDS

Ann Botha

GRAAD

12

KABV



Graad 12 **Rekeningkunde** 3-in-1 KABV

KLASTEKS & STUDIEGIDS

Hierdie Graad 12 Rekeningkunde 3-in-1 studiegids bied 'n volledige, stapsgewyse, deurwerk van die Graad 12 Rekeningkunde-kurrikulum. Dit lei jou vanaf die basiese vakbeginsels dwarsdeur tot by die mees uitdagende inhoud. Dit gebruik maklik verstaanbare notas en verduidelikings om die vakinhoud te vereenvoudig en sluit gegradeerde vrae en antwoorde in wat jou in staat stel om jou vordering gereeld te kontroleer.

Sleutelkenmerke:

- Stapsgewyse, metodiese benadering
- Omvattende notas met uitgewerkte voorbeelde per onderwerp
- Gegradeerde vrae en antwoorde per onderwerp
- Eksamenvraestelle en antwoorde met nuttige wenke

GRAAD

12

KABV

3-in-1

Rekeningkunde

Ann Botha

Ook beskikbaar


GRAAD 12
REKENINGKUNDE
2-in-1

- blitshersiening van alle aspekte van die kurrikulum
- eksamenvraestelle met voorgestelde antwoorde

HIERDIE KLASTEKS & STUDIEGIDS SLUIT IN

- 1 Notas per Onderwerp
- 2 Vrae en Antwoorde per Onderwerp
- 3 Eksamenvraestelle met Antwoorde



E-boek
beskikbaar 

INHOUD

NOTAS

EENHEID 1: HERSIENING VAN BASIESE KONSEPTE

Basiese beginsels van Rekeningkunde.....	1
Die basiese reël van Rekeningkunde.....	2
Die Rekeningkundige siklus	
Die Hulpjoernale	
Die Hulp grootboeke	
AARP	3
Etiek	4
Interne beheer	5
Interne audit	8



EENHEID 2: MAATSKAPPYE (1) – Konsepte, Grootboek en Finansiële State

Agtergrond.....	9
Akte van oprigting	
Die kapitaal van 'n maatskappy	
Aandeehouers	10
Direkteure	
Dispuutresolusie.....	12
Ondernemingsredding	
Voorbereiding van Finansiële State	
Die onafhanklike/eksterne ouditeure	13
Die ouditeursverslag	
Professionele liggame wat ouditeure beheer	14
Geïntegreerde rapportering en King kode III	15


Die boekhouding-inskrywings	15
Die Finansiële State van 'n maatskappy	22
Beslote korporasies.....	24

EENHEID 3: MAATSKAPPYE (2) – Kontantvloeistaat, Ontleding & Vertolking

Die Kontantvloeistaat	26
Rekonsiliasie tussen Netto wins voor belasting en Kontant deur bedrywighede gegenereer	27
Ontleding en vertolking van Finansiële State	29
Hersiening van graad 10 en 11 formules	30
Die formules vir maatskappye	32
Gepubliseerde Finansiële State	34

EENHEID 4: TASBARE BATES

Belangrike konsepte.....	36
Twee maniere om waardevermindering te bereken	
Interne beheer van tasbare bates	37
Etiese kwessies wat met vaste bates verband hou	
Blitshersiening van inskrywings vir bateverkope	38
Blitshersiening van die Tasbare bates Nota	
Tasbare bates – die interne ouditeur se pligte	39
Tasbare bates – die eksterne ouditeur se pligte	



EENHEID 5: VOORRAADSTELSELS

Die twee voorraadbeheerstelsels	40
Drie maniere om voorraad te waardeer	41

EENHEID 6: REKONSILIASIES

Krediteureversoening	44
Debiteureversoening	46
Bankversoening.....	49

EENHEID 7: BELASTING OP TOEGEVOEGDE WAARDE (BTW)

Blitshersiening van BTW-konsepte	51
Blitshersiening van BTW-berekening	
BTW-inskrywings.....	52
Regsvereistes en boetes	

EENHEID 8: KOSTEREKENINGKUNDE

Twee kostekategorieë	53
Blitshersiening van ander konsepte	
Die Produksiekostestaat.....	54
Die verkorte Inkomstestaat.....	55
Blitshersiening van formules	
Die Gelykbreekpunt	
Etiese oorwegings	56

EENHEID 9: BEGROTING

Die Geprojekteerde Inkomstestaat.....	57
Die Kontantbegroting	
Interne beheer en Interne oudit	
Debiteure-invorderingskedge	58
Krediteurebetalingskedge	

VRAE

<i>Inhoud van Vrae</i>	59
Vrae per Eenheid	61

EKSAMENVRAESTELLE

<i>Voorstelle oor hoe om eksamenvrae te beantwoord</i>	168
Eksamenvraestel 1.....	169
Eksamenvraestel 2.....	178

VOORGESTELDE ANTWOORDE

<i>Hoe om jou antwoorde na te sien</i>	187
Antwoorde per Eenheid	
Antwoorde – Eksamenfraestel 1	240
Antwoorde – Eksamenfraestel 2	245



<i>Terminologie</i>	249
<i>Aanvaarbare afkortings</i>	252
<i>Alternatiewe terminologie</i>	

EENHEID 3: MAATSKAPPYE (2) – Kontantvloeistaat, Ontleding & Vertolking

DIE KONTANTVLOEISTAAT



Hoewel die vernaamste finansiële doelwitte van enige publieke maatskappy is om winsgewend en solvent te wees, is dit **ewe belangrik dat dit likied is**. Dit beteken dat dit genoeg beskikbare kontant moet hê om sy skulde en uitgawes op die regte tyd te betaal. As 'n maatskappy *nie genoeg kontant beskikbaar het* om sy skulde en uitgawes te betaal wanneer dit betaal moet word nie, sal dit moeilik wees om te oorleef. Net so, as *die maatskappy te veel kontant het*, moet hy beplan wat om daarmee te doen, bv. uitbrei of sy skuld afbetaal.

Die rekenmeester moet die 'kontantvloei' behoorlik bestuur, om te verseker dat elke sent doeltreffend gebruik word om die maatskappy in staat te stel om te groei, en 'n goeie beleggingsopbrengs aan aandeelhouers te bied.

Aan die einde van die rekeningkundige tydperk word daar deur middel van finansiële state aan die aandeelhouers oor die sukses van die maatskappy verslag gedoen. Die wet vereis dat 'n kontantvloeistaat, wat die effek van die afgelope jaar se besigheid op sy kontantposisie toon, deel van hierdie state uitmaak.

Sommige woorde wat jy moet ken

Kontant	werklike fisiese geld wat in die bank, die kleinkas, in die kas-register as wisselgeld, en in korttermynbeleggings gehou word
Vloei	beweging die maatskappy in en uit
Staat	inligting op 'n stuk papier, nie in die boeke nie en nie deel van die dubbelinskrywingstelsel nie; dit gee net inligting in 'n logiese volgorde
Genereer	om te verdien
Bedrywighede	wat jy normaalweg doen om geld te verdien
Belê	die gebruik van geld wat tans beskikbaar is om iets te koop met die voorneme om dit vir 'n lang tydperk te hou, bv. vaste bates
Finansier	om geld te kry by huidige of voornemende eienaars deur aandele uit te reik, of by 'n finansiële instelling deur geld te leen
Opbrengs	werklike kontant ontvang deur die uitreiking van aandele of die verkoop van vaste bates

Jou persoonlike Kontantvloeistaat

Kom ons werk deur die proses om jou persoonlike kontantvloeistaat te doen, sodat jy weet hoe om een vir 'n maatskappy s'n te doen. Ons sal 'n bietjie vaktiaal gebruik.

1. Eerstens moet jy geld **genereer** (maak/verdien). Hoe doen jy dit? Jy werk om kontant te verdien en hiermee betaal jy jou lewensuitgawes. Die **kontant gegeneer uit bedrywighede** (werk om geld te verdien) sal die bedrag wees wat oorbly nadat uitgawes betaal is.

Uit hierdie gegeneerde kontant sal jy ook **rente** (as jy geld **geleen het**) sowel as **belasting** moet betaal. Nadat jy hierdie verpligtinge nagekom het behoort die kontantgevolge van bedryfsaktiwiteite positief te wees, d.w.s. jy behoort kontant oor te hê. ☺

2. Nou sal jy geld in vaste bates of 'n vaste deposito wil **belê**. Jy kan 'n huis, motor, nuwe rekenaar, ens., koop. Hierdie koste sal kontant uitbetaal (-) verteenwoordig. As jy jou ou huis, motor, rekenaar, ens., verkoop, sal jy kontant ontvang (+). Om die **kontantgevolge uit beleggingsaktiwiteite** uit te werk, neem jy die koste van die nuwe bates gekoop (-), die opbrengs uit die verkoop van die bates (+) en trek enige geld in 'n vaste deposito belê (-) af en tel enige kontant deur vaste deposito's wat verval het, by (+).
3. Dit kan nodig wees om hierdie aktiwiteite te **finansier**, veral as jy eiendom gekoop het. Dit beteken jy sal van jou eie geld (**kapitaal**) (-) gebruik en die res die bank (kry 'n **lening**) leen (+). As jy reeds 'n lening het, het jy dalk al 'n deel daarvan gedurende die jaar terugbetaal (-). Die gevolge van die veranderings in kapitaal en lenings sal jou **kontantgevolge uit finansieringsaktiwiteite** wees.

Die kontantgevolge uit jou bedryfsaktiwiteite [1] (*geld verdien - uitgawes*) minus/plus kontantgevolge uit beleggingsaktiwiteite [2] (*verandering in nie-bedryfsbates*) plus/minus kontantgevolge uit finansieringsaktiwiteite [3] (*kapitaal en nie-bedryfslaste*) is gelyk aan die **verandering in jou kontantsaldo** sedert die begin van die jaar.

'n Kontantvloeistaat vir 'n maatskappy word met presies dieselfde logika opgestel.

Ter opsomming

Die doel van die Kontantvloeistaat is om te toon

- waar die kontant vandaan gekom het
- waarheen dit gedurende die jaar gegaan het, en
- of dit 'n toename ☺ of 'n afname ☹ veroorsaak het in die kontantbedrag wat aan die einde van die jaar oorbly vergeleke met die einde van die vorige jaar.

Hoe om 'n Kontantvloeistaat te doen - Stapsgewys



Begin met die notas

NOTA 1 - baie belangrik

REKONSILIASIE TUSSEN NETTO WINS VOOR BELASTING EN KONTANT UIT BEDRYGWIGHEDE GEGENEER

Netto wins voor belasting (vind dit in Staat van Omvattende Inkomste of sien [1] hieronder)		x	↓
Aansuiwerings as gevolg van:			
Waardevermindering (vind dit in Staat van Omv. Ink. of bereken dit) [2]	x		↓
Rente-uitgawe (vind dit in Staat van Omvattende Inkomste) [3]	x		↓
Bedryfswins voor veranderinge in bedryfskapitaal	A	XXX	↔
Kontantgevolge deur veranderinge in bedryfskapitaal (kan pos. of (neg.) wees)	B	XX	↔
Verandering in voorraad (toename = (neg.) of afname = pos.) [4]	(x)		↑
Verandering in handels- en ander ontvangbare bedrae (toename = (neg.) of afname = pos.) [5]	(x)		↑
Verandering in handels- en ander betaalbare bedrae (toename = pos. of afname = (neg.)) [6]	x		↑
Kontant uit bedrywighede gegeneer	A + B	XXX	

[1] Netto wins voor belasting

As die Staat van Omvattende Inkomste nie aan jou gegee word nie, kan dit nodig wees om die Verdelingsrekening te rekonstrueer om hierdie syfer te vind.

[2] Waardevermindering

Hierdie syfer moet weer bygetel word aangesien dit nie 'n kontantbetaling is nie. As dit nie in die Staat van Omvattende Inkomste gegee word nie, sal jy dit dalk moet bereken of uitwerk met behulp van die:

5-VINGEROEFENING

Berekening van 'n ontbrekende syfer met behulp van die Tasbare Bates Nota.

Skryf al die gegewe syfers in en sit 'n x waar die ontbrekende syfer, in hierdie geval waardevermindering, moet wees. Gebruik dan jou sakrekenaar.



1.	+	2.	-	3.	-	4.	=	5.
DW (verlede jaar)		Toevoegings		Vervreemdings (DW)		Waardevermindering		DW (hierdie jaar)
250 000		125 000		(80 000)		$x = R35\ 000$		260 000

[3] Rente-uitgawe

Dit is die bedrag wat onderaan die Staat van Omvattende Inkomste verskyn. Omdat rente so 'n belangrike koste is, en almal wat die finansiële state lees daarvan bewus moet wees, moet die werklike bedrag betaal op die 'voorkant' van die Kontantvloeistaat self, getoon word. Om dit daar af te trek, moet dit weer hier bygetel word. Dit sluit alle rente, bv. op oortrokke rekening, verband en krediteure se agterstallige saldo's in.

Wees versigtig



As Opgelope uitgawes (of Uitgawes vooruitbetaal) vir 'Rente op lening' is, sal die bedrag vir Rente-uitgawe in die Kontantvloeistaat getoon nie met die bedrag in die Staat van Omvattende Inkomste getoon, ooreenstem nie.

Byvoorbeeld:

Rente-uitgawe in die Staat van Omvattende Inkomste getoon:		R4 000
LW: Handels- en ander betaalbare bedrae	<u>Hierdie jaar</u>	<u>Verlede jaar</u>
Opgelope uitgawes (rente op lening)	R300	R500

Die Kontantvloeistaat moet die rente wat **werklik** hierdie jaar **betaal** is, toon.

Die bedrag wat ons moes betaal het	R4 000
plus die bedrag uitstaande vir verlede jaar (VL) wat nou betaal moet word	500
MAAR minus die bedrag wat ons nog nie hierdie jaar (HJ) betaal het nie	<u>(300)</u>
Bedrag wat in die Kontantvloeistaat getoon moet word	<u>R4 200</u>

Vir interessantheidshalwe: Die Grootboekrekening vir Rente op lening

	RENTE OP LENING	(U)	+
Bank	4 200	Opgelope uitgawes VJ (terugskrywing)	500
Opgelope uitgawes HJ (aansuiwering)	300	Wins en verlies	4 000

[4] Voorraad

Werk die verskil uit tussen hierdie jaar en verlede jaar se syfer om te bepaal of voorraad toegeneem of afgeneem het.

As die maatskappy meer voorraad gekoop het, sal dit nou minder kontant hê ☹️.

As dit sy voorraad hierdie jaar verminder het, sal dit meer kontant hê ☺️.



[5] **Handels- en ander ontvangbare bedrae**

☛ Moet nooit SAID by hierdie syfer insluit nie omdat Belasting sy eie nota het. Werk die verskil tussen hierdie jaar en verlede jaar se syfer vir Handels- en ander ontvangbare bedrae uit om te bepaal of debiteure die maatskappy vanjaar meer of minder skuld as verlede jaar. As hulle meer skuld beteken dit hulle het **nie** betaal nie ☹ en die maatskappy het minder kontant. As hulle minder skuld het hulle betaal ☺ en die maatskappy het meer kontant.

[6] **Handels- en ander betaalbare bedrae**

☛ Moet nooit SAID of Aandeelhouders vir dividende by hierdie syfer insluit nie, aangesien hulle hul eie notas het. Jy sal die syfer vir Opgeloopte uitgawes insluit behalwe as dit vir rente is. Werk die verskil tussen die twee jare uit om te bepaal of die maatskappy hulle betaal het ☺ OF nie ☹.

NOTA 2

KONTANT EN KONTANTEKWIVALENTE

	Netto verandering	↔ 2015	↔ 2014
Bank [oortrekking = hakies! ☛ wees versigtig]	3 500	2 500	(1 000)
Wisselgeld	(200)	800	1 000
Kleinkas	-	500	500
<i>(maak seker dat 3 800 - 500 = 3 300)</i>	3 300	3 800	500

☛ Wees versigtig! Die Netto verandering is die **VERSKIL** tussen die twee bedrae. Wanneer die Banksaldo van negatief verlede jaar tot positief hierdie jaar swaai, is die berekening $2\ 500 - (1\ 000) = 3\ 500$. Gaan altyd die totale na: $2015 - 2014 =$ netto verandering.

NOTA 3

DIVIDENDE BETAAL

Dividende vir jaar soos in finansiële state getoon	[1]	(x)	↓
Saldo aan begin van jaar <i>(altyd negatief – sou betaal gewees het)</i>	[2]	(x)	↓
Saldo aan einde van jaar <i>(altyd positief – nooit betaal nie)</i>	[3]	x	↓
Dividende betaal <i>(altyd negatief)</i>		(XXX)	↕

[1] **Dividende vir jaar:** i.e. tussentydse (interim) + finale vir hierdie jaar. Jy sal dit vind in die Behoue inkomste Nota as jy een gegee word OF jy sal die tussentydse dividend moet bereken en die finale dividend bytel wat in Bedryfslaste gegee word OF jy sal die Verdelingsrekening moet rekonstrueer.

[2] Jy sal die saldo's in die Staat van Finansiële Posisie vind onder 'Aandeelhouders vir dividende'. Saldo aan begin = verlede jaar se finale dividend, en aan einde van jaar = hierdie jaar se finale dividend.

NOTA 4

INKOMSTEBELASTING BETAAL

Inkomstebelasting vir jaar soos in finansiële state getoon	[1]	(x)	↓
Saldo aan begin van jaar	☛ [2]	(x)	↓
Saldo aan einde van jaar	☛ [3]	x	↓
Saldo aan einde van jaar <i>(altyd negatief)</i>		(XXX)	↕

[1] As daar nie 'n Staat van Omvattende Inkomste gegee word nie, vind die syfer deur die Verdelingsrekening te rekonstrueer.

[2] Wees versigtig! As SAID op verlede jaar se Staat van Finansiële Posisie 'n krediteur was, beteken dit die maatskappy moet die bedrag hierdie jaar **betaal** = minder kontant (**hakies**) ☹. As hy egter op verlede jaar se Staat van Finansiële Posisie 'n debiteur was, het die maatskappy verlede jaar te veel betaal en sal hierdie jaar 'n terugbetaling van SAID ontvang = positief omdat geen kontant uitvloei nie ☺, dus geen hakies nie.

[3] Wees versigtig! As SAID op hierdie jaar se Staat van Finansiële Posisie 'n debiteur is, beteken dit die maatskappy het hierdie jaar te veel **betaal** = minder kontant ☹ gebruik dus (**hakies**). Maar, as SAID hierdie jaar 'n krediteur is, beteken dit die maatskappy het nie **betaal** nie = positief omdat die maatskappy steeds die kontant het ☺.



Regdeur die hele Kontantvloei staat is meer kontant **positief** en minder kontant (**negatief**).

NOTA 5

TASBARE/VASTE BATES AANGEKOOP

Grond en geboue <i>(altyd Kosprys Hierdie Jaar - KP Verlede Jaar)</i>	[1]	(x)	↓
Toerusting <i>(kan KP HJ - (KP VJ - koste van bateverkope) wees)</i>	[2]	(x)	↓
Voertuie	[3]	(x)	↓
<i>(natuurlik altyd negatief = kontant uit)</i>		(XXX)	↕

[1] As die koste van die bate gegee word, is dit maklik om te bereken – trek net af.

[2] As bates verkoop is, moes die maatskappy selfs meer aangekoop het (Toerusting).

[3] As net die drawaarde van die bate gegee word, doen die **5-vingeroefening!** (sien vorige bladsy) Hierdie keer sal die 'x' in '2. Toevoegings' wees.

Die Kontantvloeistaat

KONTANTVLOEISTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG

	NOTA		+ OR -?
Kontantgevolge uit bedryfsaktiwiteite (moet pos. wees)		XX	↓ +/-!!
Kontant uit bedrywighede gegeneer	1.	X	+
Rente betaal (LW. Doen aansuiwerings indien vooruitbetaal of opgekoop)		(X)	-
Dividende betaal	3.	(X)	-
Inkomstebelasting betaal	4.	(X)	-
Kontantgevolge uit beleggingsaktiwiteite		(XX)	↓ -
Aankoop van tasbare/vaste bates	5.	(XX)	-
Opbrengs uit verkoop van vaste/tasbare bates		X	+
Beleggings geplaas (Finansiële bate vermeerder)		(X)	-
Beleggings verval (Finansiële bate verminder)		X	+
Kontantgevolge uit finansieringsaktiwiteite (kan positief of negatief wees)		XX	↓ +/-
Opbrengs uit uitgereikte aandele (Aandelekapitaal vermeerder)		X	+
Terugkoop van aandele (Aandelekapitaal verminder)		(X)	-
Langtermynlenings ontvang (Lenings vermeerder)		X	+
Langtermynlenings terugbetaal (Lenings verminder)		(X)	-
Netto verandering in kontant en kontantekwivalente*	2.	XXX	←/↻ +/-
Kontant en kontantekwivalente aan begin van jaar	2.	XXX	↻ +/-
Kontant en kontantekwivalente aan einde van jaar	2.	XXX	↻ +/-

* Hierdie 'netto verandering' kan op twee maniere uitgewerk word: (volg die pyltjies)

↓ Dit is die som van die 3 opskrifte en

↻ dit is ook die verskil tussen verlede jaar en hierdie jaar se kontantsyfers (wat aan jou gegee sou word).


JY SAL ALTYD WEET WANNEER JY REG IS!

Doen nou VRAE 22 tot 26 op bl. 85 - 90.



ONTLEDING EN VERTOLKING VAN FINANSIËLE STATE

Hoewel sekere gevolgtrekkings gemaak kan word deur die finansiële state te bestudeer, word betekenisvolle inligting slegs verkry deur **dit te vergelyk** met die finansiële state van vorige jare en, indien moontlik, met die finansiële state van soortgelyke sakeondernemings.



Die Finansiële State is van belang vir:

Aandeehouers

Hulle wil weet hoeveel wins die maatskappy hierdie jaar verdien het en hoe dit vergelyk met verlede jaar en die winste van ander maatskappye wat soortgelyke sake bedryf. Hulle sal dan verstaan waarom die verklaarde dividend groter of kleiner is as in die vorige jaar en in staat wees om betekenisvolle vrae by die AJV te stel. Hulle kan ook besluit of hulle hul aandele wil behou, dit verkoop of meer koop.

Voornemende aandeehouers

Lede van die publiek wat geld het om te belê, sal die finansiële state bestudeer en die verslae deur die direkteure en ouditeure lees. Hulle kan dan besluit of hulle aandele in die maatskappy wil koop.

Langtermynleninghouers, bv. verbandhouers

Hierdie instellings (uitleners) sal die finansiële state bestudeer om te verseker dat die maatskappy kan bekostig om die rente te betaal en die lening self terug te betaal.

Korttermynkrediteure

Hulle stel nie net belang in die winsgewendheid van die maatskappy nie, maar ook sy likiditeit. Sal die maatskappy in staat wees om sy lopende verpligtinge betyds te betaal?

Die bank

Hierdie instelling moet weet dat enige oortrekkingsfasiliteite wat aan die maatskappy toegestaan is, veilig is.

Die vakbond en die werknemers

Hulle het belang by die winsgewendheid van die maatskappy sodat hulle weet hulle werk is veilig en dat hulle regverdig vergoed word.

SA Inkomstediens

SAID sal nagaan dat die inligting in die finansiële state ooreenstem met die verklarings in die maatskappy se belastingopgawe, en hierdie vergelyking gebruik om te assesser hoeveel belasting die maatskappy op sy wins moet betaal.

HERSIENING VAN GRAAD 10 EN 11 FORMULES



1. Winsgewendheid

$$1.1 \text{ bruto wins op verkope} = \frac{\text{bruto wins} \times 100}{\text{verkope}}$$

of bruto winsgrens

Hierdie antwoord toon die **persentasie** bruto wins verdien, elke keer dat die maatskappy voorraad verkoop. As die persentasie byvoorbeeld 60% is en die verkope (omset) is R500, moet die bruto wins R300 wees. Hierdie persentasie sal hoog wees, aangesien die wins verdien groot genoeg moet wees om al die bedryfsuitgawes, sowel as rente en belasting te dek.

$$1.2 \text{ bruto wins op koste van verkope} = \frac{\text{bruto wins}}{\text{koste van verkope}} \times 100$$

Hierdie antwoord, 'n **persentasie**, moet die winsopslag wat gebruik word, wees.

Wanneer sal die winsopslag nie behaal word nie?

- die maatskappy het 'n uitverkoop en het sekere pryse verlaag
- die maatskappy adverteer dat hulle die pryse van enige mededinger sal ewenaar
- 'n spesiale afslag word toegestaan – die maatskappy laat 'n klant toe om minder as die gemerkte prys te betaal.

MAAR

Die maatskappy sal NIE weet dat die winsopslag nie behaal word nie, wanneer:

- dit verkeerd bereken word of
- die verkoopprijs verkeerd op die goedere gemerk en dit teen hierdie verkeerde prys verkoop word.

$$1.3 \text{ bedryfsuitgawes op verkope} = \frac{\text{bedryfsuitgawes} \times 100}{\text{verkope}}$$

Dit toon watter **persentasie** van die verkoopprijs gebruik word om die uitgawes te dek. Vergelyk dit met verlede jaar om te bepaal of die uitgawes doeltreffend beheer word.

$$1.4 \text{ bedryfswins op verkope} = \frac{\text{bedryfswins} \times 100}{\text{verkope}}$$

Dit toon watter **persentasie** van die verkoopprijs as bedryfswins behou word. Vergelyk dit met verlede jaar om die tendens te sien. Dit is 'n nuttige aanwyser van doeltreffendheid omdat dit nie rente-inkomste en rente-uitgawe in ag neem nie.

Kopiereg © The Answer Series: Fotokopiëring van hierdie materiaal is onwettig

$$1.5 \text{ netto wins op verkope} = \frac{\text{netto wins} \times 100}{\text{verkope}}$$

Dit toon watter **persentasie** van die verkoopprijs as netto wins gehou word nadat alle bedryfsuitgawes, rente-inkomste en rente-uitgawe in berekening gebring is.

2. Likiditeit

$$2.1 \text{ bedryfsverhouding} = \text{bedryfsbates} : \text{bedryfslaste}$$

Hierdie antwoord sal in die vorm van 'n **verhouding** wees, bv. **x,x : 1**. Lees altyd die vraag om uit te vind of die antwoord tot een of twee desimale syfers bereken moet word.

Dit wys of die maatskappy in staat is om sy lopende skulde te betaal. Die omsigtige benadering is – as bedryfsbates **R20 000** **beloop, behoort laste slegs R10 000 te beloop, d.w.s. 'n verhouding van 2 : 1. In die praktyk is daar sommige groot maatskappye wat nie hierdie benadering volg nie** aangesien hulle vinnige en maklike toegang tot die leen van geld op 'n korttermynbasis het.

Die interessante ding is – die antwoord moet **NIE** 1 : 1 en beslis **NIE** 4 : 1 wees nie!

Wat sou veroorsaak dat die bedryfsverhouding 4 : 1 is?

Te veel voorraad

Dit is nie 'n goeie idee om baie handelsvoorraad voorhande te hê nie omdat:

- alle voorraad nie verkoop sal word nie. Enigiemand wat handel dryf met klere, televisiestelle, ens., weet dat goedere vinnig oudmodies, verouderd of uitgedien raak namate modes en tegnologie verander; iets wat baie vinnig kan gebeur.
- hoe groter die hoeveelheid voorraad op die rakke en in die stookkamer, hoe groter is die diefstalrisiko. Dit beteken ekstra versekering moet betaal word.
- meer bergplek en personeel kan nodig wees om die ekstra items te hanteer en beheer. Dit veroorsaak 'n toename in koste.
- dit is in werklikheid die maatskappy se kapitaal wat op die rakke sit. Dit verdien geen wins terwyl dit daar is nie; intendeel, dit kos geld.

$$2.2 \text{ vuurproefverhouding} = \text{bedryfsbates} - \text{voorraad} : \text{bedryfslaste}$$

Hierdie antwoord sal in die vorm van 'n **verhouding** bv. **x,x : 1** wees.

Dit toon of die maatskappy sy lopende verpligtinge kan betaal sonder om enige voorraad te verkoop. Dit beteken die antwoord moet **ongeveer 1 : 1 wees, nie** hoër nie en nie veel laer sonder goeie rede nie.

Ons neem aan dat handelsvoorraad kontant en op krediet aan debiteure verkoop sal word, EN dat hierdie debiteure hul rekeninge sal betaal voordat die krediteure betaal moet word. As daar 'n ekonomiese insinking is en die maatskappy sukkel om sy voorraad te verkoop, en as die debiteure wat by hulle koop nie geld het om stiptelik te betaal nie, sal hierdie verhouding aantoon in hoeveel moeilikheid die maatskappy sal wees.

$$\mathbf{2.3 \text{ voorraadomsetsnelheid}} = \frac{\text{koste van verkope}}{\text{gemiddelde voorraad}}$$

Hierdie antwoord sal aangehaal word as **x,x keer per jaar** en toon hoeveel keer per jaar voorraad vervang/aangevul moet word.

Dit behoort so hoog as moontlik te wees, maar sal afhang van die soort voorraad waarmee die maatskappy handel dryf. As dit byvoorbeeld 'n viswinkel is, hoop ons dit sal 365 keer 'n jaar wees, (*of baie na daaraan*) minus die dae wat dit gesluit is. As dit geblikte goedere verkoop, kan die omsetsnelheid 4 keer per jaar wees aangesien die produkte nie bederfbaar is nie. As die maatskappy Ferrari's verkoop, kan dit 2,5 keer per jaar wees aangesien duur luukse items nie dikwels verkoop word nie. Let dus op of die vraag vir jou sê wat verkoop word.

As 'n winkel vars produkte en geblikte items verkoop, kan die omsetsnelheid 3,2 wees, wat niks beteken nie tensy dit met die vorige jaar vergelyk word. Die antwoord behoort altyd so hoog, of hoër as die vorige jaar te wees.

As die voorraadomsetsnelheid sedert die vorige jaar afgeneem het, kan die rede wees dat:

- pryse gestyg het
- die voorraad nie meer 'in die mode' is nie
- daar sterker mededinging van ander ondernemings is.

$$\mathbf{2.4 \text{ tydperk van voorraadbesit}} = \frac{\text{gemiddelde voorraad} \times 12 \text{ of } 365}{\text{koste van verkope}}$$

(tydperk waarvoor daar genoeg voorraad voorhande is)

Hierdie antwoord sal aangehaal word as **x,x maande of dae**. Lees altyd die vraag om uit te vind of jy met 12 of 365 moet vermenigvuldig.

Dit toon hoe lank voorraad neem om te verkoop. Hierdie antwoord behoort so laag as moontlik te wees, maar sal afhang van die soort onderneming, die verkoop-teendatum van die voorraad, die vermoë om voorraad vinnig te vervang, ens.

* *As die vraag 'vir hoeveel dae die maatskappy genoeg voorraad op die rakke het?' is, moet jy die slotvoorraadsyfer gebruik en nie die gemiddelde syfer nie.*

As die tydperk van voorraadbesit te hoog is, stel dit ledige kapitaal op die rakke voor wat geen opbrengs vir die onderneming verdien nie.

2.5 gemiddelde debiteure-invorderingstermyn

$$= \frac{\text{gemiddelde debiteure} \times 365}{\text{kredietverkope}}$$

Hierdie antwoord sal as **x,x dae** aangehaal word. Ideaal gesien, behoort dit ± 30 dae te wees, of so na as moontlik daaraan.

Dit toon hoe lank dit debiteure neem om hul rekeninge te betaal. Die maatskappy wil hê debiteure moet so gou as moontlik betaal sodat die geld wat ontvang word, gebruik kan word om krediteure te betaal en meer voorraad te koop.

'n Goeie interne beheerbeleid moet ontwikkel word om debiteure te bestuur en te verseker dat die maatskappy sy geld gou ontvang. Die kredietbeleid sal die betaalvoorwaardes uitspel, bv. 30 dae, 45 dae, ens. State moet elke maand stiptelik aan debiteure gestuur word en hulle moet herinner word om te betaal as hulle dit nie binne die gegewe tyd doen nie.

Hoe langer debiteure gegee word om te betaal, hoe groter is die risiko van oninbare skulde. Boonop sal administratiewe uitgawes om geld van debiteure te verhaal, verhoog, bv. telefoonoproepe en regskoste.

2.6 gemiddelde krediteurebetalingstermyn

$$= \frac{\text{gemiddelde krediteure} \times 365}{\text{kredietverkope}}$$

Hierdie antwoord sal as **x,x dae** aangehaal word en moet soveel dae wees as waarmee die krediteure die maatskappy sal laat wegkom, bv. 90 dae of meer.

Dit toon hoe lank dit neem om krediteursrekeninge te betaal. Dit is belangrik om krediteure te laat wag totdat die geld van debiteure ontvang word ten einde likied te bly. Die maatskappy moet egter sorg dat hy nooit sy kredietwaardigheid verloor nie anders sal verskaffers weier om goedere op krediet aan hom te verkoop. Dit moet ook die kortings wat hy vir vroeë betaling kan ontvang, in ag neem.

3. Solvensie

$$\mathbf{\text{solvensieverhouding}} = \text{totale bates} : \text{totale laste}$$

Dit toon aan of die onderneming se totale bates in staat is om al sy skulde te betaal. Die antwoord sal 'n **verhouding** wees en moet natuurlik ten minste 1 : 1 wees.

Enigiets minder as 1 : 1 sal beteken die maatskappy is insolvent. Hy sal gelikwedeer word, wat beteken al die bates sal in kontant omgesit word, d.w.s. verkoop word. Die krediteure sal dalk 'n dividend van 'n paar sent in die rand ontvang. Die aandeelhouders sal niks ontvang nie.

4. Hefboom

skuld-ekwiteit-verhouding = langtermynlaste : aandeelhoudersbelang

Om die antwoord te bereken, deel die langtermynlaste deur die ekwiteitsyfer en skryf die antwoord as 'n verhouding, bv. 0,14 : 1, neer.

Hierdie antwoord behoort so laag as moontlik te wees, bv. 0,2:1. As dit meer as 0,5:1 is, is die maatskappy se hefboomfinansiering hoog en het dit die risiko verhoog dat dit nie meer geld van enige bank of finansiële instelling kan leen nie.

In die praktyk is dit 'n baie belangrike verhouding. Dit sê hoe die maatskappy gefinansier word. Ekwiteit kan 'eie' kapitaal genoem word aangesien die maatskappy nie hierdie geld aan aandeelhouders sal terugbetaal nie. Langtermynlaste is 'geleende' kapitaal, d.w.s. geld wat deur 'n bank of finansiële instelling aan die maatskappy geleen is, wat volgens die kontrak wat aangegaan is, lank deur die maatskappy gebruik kan word, maar terugbetaal moet word.

Dit is aanvaarbaar om geld te leen om die onderneming uit te brei, maar almal moet bewus wees van die risiko wat betrokke is.

Die gevare van te veel geld leen is :

- rente op 'n lening is betaalbaar volgens die leningsooreenkoms, ongeag of die maatskappy winsgewend of likied is
- rentekoerse kan in die toekoms styg, wat dit selfs vir die maatskappy nog moeiliker sal maak om by die ooreenkoms te hou
- die lening word gewoonlik in maandelikse of jaarlikse paaiemente betaal. As die maatskappy nie 'n paaiement kan betaal nie, kan regstappe geneem word, wat sy finansiële probleme kan vererger.

DIE FORMULES VIR MAATSKAPPYE

1. opbrengs op aandeelhoudersbelang

$$= \frac{\text{netto wins na belasting}}{\text{gemiddelde aandeelhoudersbelang}} \times 100$$

Die syfer wat werklik opwindend is, is die slotreël van die Staat van Omvattende Inkomste, d.w.s. netto wins na belasting. Hierdie wins behoort aan die maatskappy, nie aan die aandeelhouders nie, omdat die maatskappy 'n regs persoon in eie reg is.

Die maatskappy het twee keuses wat betref die gebruik van hierdie netto wins.

- Dit kan al die wins vir homself hou sodat dit genoeg kontant in die bank het om in die toekoms uit te brei of 'n ander onderneming te koop. Beide hiervan kan winste in die toekoms vergroot. Dit sal die netto batewaarde van die aandeel verhoog, en miskien ook die markwaarde wat op die JSE genoteer is.

- Hy kan 'n dividend aan aandeelhouders **betaal**, wat aandeelhouders gelukkig sal hou en miskien die aandag van voornemende aandeelhouders trek, wat die aandele sal koop en dit sal die markprys op die JSE verhoog.

Die maatskappy doen gewoonlik 'n kombinasie van beide. Die aandeelhouer sal in elke geval gelukkig wees aangesien sy opbrengs in die toekoms groter sal wees.

Wanneer die opbrengs op ekwiteit bereken word, moet die netto wins na belasting gebruik word aangesien dit, uit die aandeelhouders se oogpunt, niks beteken om opgewonde te raak oor die netto wins op sigself nie – belasting moet betaal word! Die antwoord sal altyd gegee word as **sent per aandeel** selfs al is dit 'n groot syfer, bv. 1 280 sent per aandeel.

Dit is noodsaaklik om hierdie opbrengs met dit wat die maatskappy in vorige jare verdien het en die opbrengs wat mededingers verdien te vergelyk, om te assesser of die maatskappy goed presteer het.

2. opbrengs op kapitaal aangewend

$$= \frac{\text{netto wins voor belasting plus rente} \times 100}{\text{gemiddelde kapitaal aangewend}}$$

Kapitaal aangewend is aandeelhoudersbelang + langtermynlaste; wat jy dus hier gevra word om te doen is om die volgende op te tel:

$$\begin{aligned} \text{netto wins} &= \text{ekwiteitsverdienste voor belasting} \\ \text{rente-uitgawe} &= \text{verdienste op langtermynlaste} \end{aligned}$$

en bereken watter persentasie dit van die gemiddelde aandeelhoudersbelang + langtermynlaste is, d.w.s. tel hierdie jaar + verlede jaar bymekaar.

Kapitaal word hier in die breë sin gebruik. Dit verwys na geld wat aangewend (gebruik) sal word om bates te koop om die onderneming te bedryf. Hierdie geld kan van die aandeelhouders ontvang word, of by finansiële instellings geleen word.

Wat aandeelhouders wil weet – was dit die moeite werd? Met ander woorde, het die geld wat die maatskappy geleen het meer verdien as wat dit gekos het om dit te leen?

As die rentekoers op die langtermynlening 10% p.j. is, en die maatskappy se opbrengs is 14% p.j. voordat die betaalde rente op die lening en die betaalde belasting op die winste (d.w.s. die antwoord op die bogenoemde formule) afgetrek is, was dit 'n baie goeie idee om die geld te leen.

As die antwoord egter 10% p.j. of minder is, dan het nóg die maatskappy, nóg die aandeelhouders enigiets uit hierdie lening verdien. Die aandeelhouders kan dalk nou 'n laer dividend ontvang.

Om te benadruk wat hier gesê word – dit is nie sinvol om geld teen 15% p.j. te leen en slegs 12% p.j. te verdien deur die gebruik van die geld nie.

$$3. \text{ verdienste per aandeel} = \frac{\text{netto wins na belasting} \times 100}{\text{aantal aandele uitgereik}}$$

Hierdie antwoord word **altd in sent per aandeel noteer** en verteenwoordig die hoeveelheid wins wat elke aandeel gemaak het.

Wees versigtig wanneer die aantal aandele wat uitgereik is, bereken word. Vind die saldo van die Aandelekapitaalrekening en deel dit deur die uitreikprys van die aandele.

$$4. \text{ dividende per aandeel} = \frac{\text{dividende betaal en verklaar} \times 100}{\text{aantal aandele uitgereik}}$$

Hierdie is die bedrag van die netto wins wat die direkteure besluit het om onder aandeelhouders te verdeel, as beloning vir die koop van aandele in die maatskappy. Dit word altd **in sent per aandeel noteer**.

Aangesien die maatskappy halfpad deur die jaar finansiële state opstel, kan dit 'n tussentydse dividend verdeel, as dit 'n netto wins gemaak en op hierdie tydstip genoeg kontant beskikbaar het. Die dividend wat aan die einde van die jaar verklaar word, word die finale dividend genoem.

Aangesien dit eers aan die begin van die volgende finansiële jaar betaal sal word, sal dit 'n bedryfslas genaamd Aandelhouders vir dividende in Handels- en ander betaalbare bedrae wees. Die tussentydse en finale dividende moet bymekaargetel word.

Hierdie antwoord word ook **as sent per aandeel gegee**, bv. 10 sent per aandeel. Dit verteenwoordig die bedrag wat die aandeelhouer in werklikheid van die maatskappy ontvang. Of dit 'n goeie opbrengs is of nie, sal afhang van die prys wat vir die aandele betaal is.

Jy moet versigtig wees wanneer jy kommentaar lewer op die dividend. Aandelhouders wil graag hê dit moet meer wees as dié van verlede jaar, maar dit behoort net te gebeur as winste toegeneem het.

BYVOORBEELD:	2015	2014
Dividend verklaar	125 000	105 000
Netto wins na belasting	105 000	105 000
Aandelekapitaal	1 000 000	1 000 000
Behoue inkomste	130 000	150 000
Dividend per aandeel	12,5 sent	10,5 sent

LET WEL: Alle aandele is teen R10 elk uitgereik.

Susie Simple is in haar skik dat die dividend per aandeel hierdie jaar toegeneem het. As haar finansiële adviseur, wat sal jy aan haar sê?

Die enigste manier waarop die maatskappy hierdie jaar 'n groter dividend kon verklaar, was om 'n deel van die behoue inkomste uit vorige jare te gebruik. Hy is heeltemal geregtig om dit te doen, maar dit het 'n invloed op die behoue inkomste wat na die volgende jaar oorgedra word. Jy sal opmerk dat dit van R150 000 tot R130 000 afgeneem het, en dit het 'n negatiewe effek op die netto batewaarde per aandeel.

$$5. \text{ netto batewaarde per aandeel} = \frac{\text{aandelhoudersbelang} \times 100}{\text{aantal aandele uitgereik}}$$

As die voorbeeld hierbo gebruik word – sal die netto batewaarde van die aandeel aan die einde van 2014 wees: $1\ 000\ 000 + 150\ 000 = 1\ 150\ 000 / 100\ 000 = 1\ 150$ sent per aandeel. Aan die einde van 2015 sal die netto batewaarde $1\ 300\ 000 / 100\ 000 = 1\ 300$ sent per aandeel wees.

Hierdie is 'n uiters belangrike berekening. Die antwoord verteenwoordig wat die aandeel werd sal wees as al die bates teen hul drawaarde gerealiseer word (te gelde gemaak, d.w.s. verkoop word) en die bedryfs- en langtermynlaste betaal word.

Dit is die werklike waarde van een aandeel volgens die maatskappy se finansiële verslae. Dit behoort altd hoër te wees as die prys waarteen die aandele aan aandeelhouders uitgereik is, selfs die prys van die laaste aandeel wat uitgereik is.

Jy sal uit Eenheid 2 onthou dat die maatskappy aanvanklik aandele uitgereik het om finansiering te bekom om die maatskappy te begin. As al die aandele nie toe uitgereik is nie, kon die res later uitgereik word. Die rede vir die opneem van meer kapitaal sou wees om die besigheid uit te brei ten einde winste te verbeter. Dit beteken dat ekwiteit met meer behoort te groei as die kapitaal wat opgeneem is.

Die netto batewaarde (NBW) sal ook toeneem. Dit sal dalk nie in die eerste paar jaar na uitreiking gebeur nie, maar as dit glad nie gebeur nie het die maatskappy te veel aandele uitgereik en die geld is ledig.

Hierdie jaar se netto batewaarde moet vergelyk word met die NBW van die vorige jaar en die genoteerde prys van die aandeel op die JSE om te verseker dat die maatskappy suksesvol was en dat die publiek saamstem, d.w.s. meer mense het aandele gekoop.

Hierdie waarde moet deur die jare met meer as die **inflasiekoers** en die **rentekoers** wat verdien kan word deur geld in 'n bankbelegging te deponer, styg. As dit nie gebeur nie, moet die aandeelhouer dit ernstig oorweeg om sy of haar aandele te verkoop en in 'n ander maatskappy te belê.

Doen nou VRAE 27 tot 36 op bl. 92 - 104.



GEPUBLISEERDE FINANSIËLE STATE

Die Maatskappyewet van 2008 vereis dat alle maatskappye wat aandele aan die publiek verkoop, hul finansiële state moet publiseer. Dit beteken hulle maak hul finansiële state beskikbaar op die internet en/of in die vorm van 'n drukstuk. Hulle publiseer ook 'n uittreksel daarvan in die finansiële pers.

Die direkteure is verantwoordelik vir die opstel van die state en dit moet deur 'n onafhanklike ouditeur geaudit word. Dit is die state wat al die gebruikers, op bl. 5 van Eenheid 2 genoem, sal bestudeer.

Die gepubliseerde finansiële state bestaan uit

- Staat van Omvattende Inkomste
- Staat van Finansiële Posisie
- Kontantvloeistaat
- Die Direkteursverslag
- Die Ouditeursverslag.

As dit die 'Gekonsolideerde' Staat van genoem word, beteken dit dat hierdie maatskappy meer as 50% van die aandele in 'n ander maatskappy besit, en die resultate van die twee is gekombineer. Die maatskappy staan dan bekend as 'n beheermaatskappy en die een wat hy gekoop het word 'n filiaalmaatskappy genoem.

Daar is ook ander state en verslae, maar ons is nie daarmee gemoeid nie.

Staat van Omvattende Inkomste

Hierdie is 'n verkorte weergawe wat net die uitgawes en inkomste toon wat vir aandeelhouders van belang is. *Die een waaroor jy getoets kan word, is die gedetailleerde staat wat al die inkomste en uitgawes van die maatskappy toon. Dit is slegs vir interne gebruik.*

Hoe verskil dit van die een wat ons doen?

- Dit bevat vergelykende syfers vir die vorige jaar sodat wie ook al dit lees, die tendens kan sien.
- Die syfers word afgerond, gewoonlik tot die naaste R1 miljoen.
- Die terminologie is soms verskillend, bv. Verkope word Omset genoem.
- As die maatskappy 'n beheermaatskappy is, is daar 'n kolom wat die inkomste en uitgawes van die Groep, d.w.s. die beheer- + die filiaalmaatskappy se syfers, toon.

Staat van Finansiële Posisie

Dit sal baie meer items bevat as waaraan ons gewoon is en kan van maatskappy tot maatskappy verskil. Al die hoofitems wat ons ken sal daar wees.

Hoe verskil dit van die Staat wat ons doen?

- Die terminologie verskil soms, bv. Grond en geboue word Eiendom, toerusting en voertuie, of Eiendom, fabriek en toerusting genoem.
- Daar is dikwels 'n item genaamd 'Ontasbare bates' onder nie-bedryfsbates. Dit verwys na die klandisiewaarde/organisasiewaarde wat die maatskappy betaal het toe hy die filiaalmaatskappy gekoop het.
- Daar sal kolomme wees vir Groepbates en -laste vir hierdie en verlede jaar as die maatskappy filiaalmaatskappye besit.
- Die Notas tot die Finansiële state wat ons opstel, is slegs vir interne gebruik. Die enigste nota wat getoon word, is die Nota oor Aandelekapitaal.

Die maatskappy ontleed dikwels sy resultate en publiseer die syfers vir

- verdienstes per aandeel (hoewel dit anders uitgewerk word as die een wat ons doen)
- dividend per aandeel
- bruto winsgrens
- bedryfsuitgawes as 'n persentasie van verkope, ens.

Hierdie sal almal met die vorige jaar vergelyk word.

Kontantvloeistaat

Dit het ook 'n paar items meer as die een wat ons doen, maar dit is basies dieselfde.

Die Direkteursverslag

In hierdie verslag sal die direkteure die bedrywighede van die maatskappy vir die finansiële periode hersien. Dit gee besonderhede van die maatskappy se prestasie sodat die gebruikers 'n beter begrip van sy finansiële posisie kry. Hierdie verslag sal deur die ouditeur hersien word. Dit bied besonderhede oor die hoogtepunte en probleme van die afgelope jaar en 'n aanduiding van wat die toekoms inhoud. Dit omskryf ook die maatskappy se betrokkenheid by sosiale en omgewingskwessies om sodoende te voldoen aan die vereistes vir geïntegreerde rapportering soos neergelê in die King Kode vir Korporatiewe Bestuur, d.w.s. King III.

Die Ouditeursverslag

Dit is natuurlik baie belangrik vanuit die oogpunt van aandeelhouders, aangesien hulle seker wil wees dat die state 'n billike weergawe van die maatskappy se sake gee en dat die ouditeure geen bedrog opgespoor het nie. Hulle wil ook seker maak dat die finansiële state volgens die Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde opgestel is sodat dit vergelykbaar is met die state van ander maatskappye, selfs internasionale maatskappye. Jy sal die gewone bewoording van hierdie verslae op bl. 13 van Eenheid 2 vind.

Sommige vrae om jou af te vra wanneer jy die Gepubliseerde Finansiële State lees

1. Wanneer is die finansiële jaareinde van die maatskappy?
2. Wie is verantwoordelik vir die opstelling van die finansiële state?
3. Wie is die maatskappy se ouditeure?
4. Op watter datum het die ouditeure hul verslag onderteken?
5. Wie stel die ouditeure aan?
6. Aan wie is die ouditeursverslag geadresseer?
7. Het die maatskappy 'n gekwalifiseerde of ongekwalifiseerde verslag ontvang?
Haal die bewoording aan wat jou antwoord beïnvloed het.
8. Watter komitee is daarvoor verantwoordelik om voor te stel watter
ouditeursfirma aangestel moet word en watter fooi hulle betaal moet word?
9. Het verkope hierdie jaar toegeneem?
10. Het die bruto wins hierdie jaar toegeneem of afgeneem?
11. Het die maatskappy uitgawes doeltreffend beheer?
Haal syfers aan om jou antwoord te staaf.
12. Met hoeveel het die Direkteursfooie vanjaar verander?
Sal die aandeelhouers tevrede wees met hierdie verandering? Verduidelik.
13. Hoeveel netto wins het die maatskappy vanjaar gemaak?
14. Hoe vergelyk dit met verlede jaar? Sal die aandeelhouers gelukkig wees?
15. Waarom word vergelykende syfers verskaf?
16. Besit die maatskappy ander maatskappye? Hoe weet jy?
17. Het die maatskappy vanjaar nuwe aandele uitgereik, of aandele teruggekoop,
of nie een van die twee gedoen nie?
18. Het die maatskappy vanjaar 'n netto invloei of netto uitvloei van kontant gehad?
19. Het die maatskappy vanjaar meer of minder voorraad voorhande as verlede jaar?
20. Het hierdie maatskappy vanjaar sy bedrywighede uitgebrei?

EN

Doen soveel berekeninge as wat jy kan om winsgewendheid, likiditeit en solvensie na te gaan. Vergelyk dit met die antwoorde wat die maatskappy verstrek as dit aangehaal word in die uittreksel waarmee jy werk.

NOTAS

